

## **Algemene vrae - ontvangers**

### **1) Moet ek koeie of verse vir ontvangers gebruik?**

Verse het die voordeel dat hulle nie laktasiestres het nie en daarom gewoonlik makliker op hitte kom as koeie. Voorts het hulle 'n baie laer voorkoms van infeksies van die geslagstelsel in vergelyking met koeie wat al gekalf het. Hulle is ook relatief goedkoper om aan te hou as volwasse koeie omdat hulle minder vreet.

Daar is egter ook voordele daarin om volwasse koeie te gebruik, veral in kuddes wat streng selekteer vir reproduksie en die koeie uitskot wat nie hul kalwers ordentlik grootmaak nie. In sulke kuddes sal 'n koei wat al tussen 3 en 6 kalwers gehad het, 'n funksioneel vrugbare koei wees wat haarself al bewys het. Volwasse koeie is ook beter om embryo's te ontvang van rasse wat groot kalfies gee, en het gewoonlik meer melk om 'n kalf groot te maak.

Die swakste groep ontvangers is eerste kalf-koeie met hul kalfies nog by hulle. Hierdie groep diere groei nog self, het laktasiestres en is op enige plaas ook die moeilikste groep om dragtig te kry met KI of bulle. Ons kan nie eerste kalf-koeie as ontvangers aanbeveel nie, behalwe as daar eers gewag word todat hulle kalfies gespeen kan word voor die program begin.

Diere wat voorheen suksesvol gebruik was as ontvangers, sal gewoonlik in 'n volgende program ook goed werk, wat hulle natuurlik baie waardevol maak. Die eienaar moet sulke diere probeer behou vir toekomstige gebruik.

### **2) Wanneer kan 'n dier as ontvanger voorberei word?**

By die vleisrasse sinkroniseer ons gewoonlik diere sodat die oorplasings kan plaasvind 3 maande na kalwing. Natuurlik is daar altyd uitsonderings waar diere wel vroeër dragtig kan word, maar as mens in ag neem dat die voorbereiding meer as R100 per ontvanger kos asook die waarde van die embryo, is dit gewoonlik goedkoper om eerder te wag. As mens aan die ander kant die ontvanger te lank oophou, begin die kalwers hulle afsuip en die koeie begin kondisie verloor.

Ons verkies om ontvangers te gebruik 3 tot 4.5 maande na kalwing, alternatiewelik speen ons die kalwers dan eers voor ons hulle gebruik. Met goeie kruipvoeding en byvoeding na speen kan kalwers maklik op 5 maande gespeen word sodat hul moeders as ontvangers benut kan word.

In die geval van verse gebruik ons dieselfde riglyne as by normale boerdery, naamlik dat die vers omtrent 65% van haar volwasse gewig moet wees wanneer die oorplasing gedoen word. Verskille tussen rasse asook die bestuur en voeding op die spesifieke plaas bepaal die ouderdom waarop verse gereed sal wees.

Melkras koeie is gewoonlik gereed om as ontvangers gebruik te word omtrent 60 na kalwing, wanneer sy normaalweg ge-K.I. sou word.

### **3) Watter ras is die beste ontvangers?**

Daar is baie oorwegings wanneer besluit moet word watter ras om te gebruik as ontvanger. Vrugbaarheid, temperament, gehardheid, gemak van kalwing en genoeg melk is almal belangrik.

Die meeste kontinentale en Britse rasse het goeie vrugbaarheid. Dubbeldoelrasse maak hulle kalfies baie goed groot met die ekstra melk. Melkraskoeie het goeie temperament. Dit is alles waardeloos as

hulle vrek a.g.v. bosluisoordraagbare siektes of nie kan aanpas by uiterste temperature of parasietladings nie.

Meestal het ons nie regtig 'n keuse nie, want die ontvangers is genetiese swakker diere uit dieselfde ras as die skenker of hulle is kommersiële diere wat reeds op die plaas is.

As jy egter moet ontvangers inkoop, kry ontvangers wat pas by die bestuurstyl en die area van die plaas. Gebruik geharde diere vir ekstensiewe, halfwoestyn tipe omstandighede en gee sulke verse genoeg tyd om goed uit te groei voor hulle gebruik word. Dit is goed om ten minste 50 % Bos Taurus in die ontvanger te hê, suiwer Brahmane is gewoonlik nie goeie ontvangers nie.

Vroegryp Europese diere is baie goeie ontvangers in matige klimaatomstandighede met goeie veld of aangeplante weidings.

Sommige telers gebruik melkrasverse om embryo's in oor te plaas. Wanneer hulle gekalf het, plaas hulle 2 of 3 kalfies op een koei oor om groot te maak en verkoop die ander ontvangers as vroeë laktasie koeie, wat dan 'n goeie ekonomiese waarde het.

Dit is veel beter om ontvangers te gebruik wat deur die teler self geteel en grootgemaak is as om diere in te koop, omdat jy dan die ware ouderdomme, geskiedenis, inentingstatus, kalfrekords ens het.

As jy moet inkoop, probeer by gerespekteerde telers koop wat jy ken en kan vertrou, asook op totale uitverkopings. As jy 'n groep verse koop van 'n onbekende bron, is hulle dikwels daardie teler se minder vrugbare diere wat nie dragtig kon word by hom nie. Verse wat as jong diere swaargekry het en swak voeding gehad het, het dikwels vir die res van hulle lewe 'n agterstand en van laer vrugbaarheid. Partymaal word jong verse groeihormone toegedien wat ook toekomstige vrugbaarheid verlaag. Om oop koeie te koop sonder jong kalwers beteken jy koop iemand anders se probleme.

Die beste roete is om jong verse (speenouderdom en bietjie ouer te koop), te laat uitgroei by jou tot hulle gereed is om ontvangers te wees, of koeie wat swaardragtig is of met klein kalfies by hulle.

#### **4) Hoe moet ek die ontvangers hanteer voor die program begin?**

Diere wat van 'n ander area af gebring word of van voedingsstelsel verander, moet ten 3 maande lank aanpas op die plaas waar die oorplasings gedoen sal word.

Wanneer die nuwe groep diere op die plaas aankom of u eie diere uitgehaal word om as ontvangers gebruik te word, skakel met u plaaslike veearts en reël om die volgende te doen:

- Toets vir TB en BM (ten minste)
- Doen 'n dragtigheidsondersoek op elke dier, selfs al was sy "nog nooit naby n bul nie". Terselfdertyd kan gekyk word of sy dekgereed is en die eierstokke aktief is.
- Ent teen die belangrike siektes van u area, veral siektes wat vrugbaarheid beïnvloed soos BVD. As u hulle wil skuif na 'n Hartwater, Rooiwater of Galsiekte area na die embryo-oorplasings, maak asb seker dat die entings gedoen is voor die oorplasingsprogram begin.
- Behandel teen inwendige (veral lewerslak) en uitwendige parasiete.

Ordentlike **identifikasie** van ontvangers is baie belangrik. Oorplaatjies moet duidelik leesbaar wees op 'n afstand. Sit asb plaatjies in altwee ore omdat hulle maklik verloor. Maak seker daar is geen duplisering van nommers nie. 'n Permanente ysterbrand is ideal, tattooer is ook n goeie opsie. Doen dit lank voor die oorplasings om nie die ontvangers te veel te stres kort voor die program nie.

**Voeding** is krities en is 'n hele bespreking op sy eie. Nuwe telers behoort 'n voedingskundige te kry om hom by te staan aan die begin. Dit is beter om met ontvangers te begin werk wat in 'n effens swakker kondisie is maar besig om op te tel, as met vet diere wat net dieselfde kondisie hou of selfs kondisie verloor. 'n Kondisietelling van 2 tot 2.5 aan die begin wat styg tot 'n 3 tot 3.5 wanneer die oorplasings gedoen word is ideaal.

Korrigeer enige mineraalwanbalanse voor die program begin. Ons gee Multimin en Ocean Gold (Vit. A en D) as deel van ons sinkronisasie ook. Pasop vir hoë vlakke van NPN in die dieët. Skielike veranderinge in die dieët is nie goed nie en na die oorplasings moet die ontvangers op dieselfde voedingsprogram en in dieselfde kampe bly, van 6 weke voor die oorplasings tot ten minste 2 maande na die tyd wanneer die dragtigheidsondersoeke gedoen word.

Koeie met jong kalwers kan gespeen word snags indien moontlik en die kalwers kan dan ekstra konsentraat kry.

Diere met temperament probleme moet uitgehaal word uit die groep. As die diere onder baie ekstensiewe omstandighede aangehou word, moet hulle daagliks deur die hanteringsfasiliteite gejaag word waar die oorplasings gaan plaasvind vir ten minste 'n maand voor die tyd sodat hulle gewoon kan raak aan die prosedure en stresvlakke nie te hoog is op die dag van oorplasing nie. Werk kalm en stil met die diere, geen honde/prikstokke/swepe nie asb.

## 5) Watter tipe hanteringsfasiliteite is nodig vir die oorplasings?

Sien asb. die afdeling oor "fasiliteite" op ons webtuiste. Hierdie is 'n baie belangrike vraag, want die fasiliteite het 'n direkte invloed op die temperament en stresvlakke van die ontvangers (asook die van die veearts wat die oorplasings doen!!)

Dit is logies dat die kwaliteit werk wat die veearts lewer en die aantal dragtigheide wat die boer kry, beïnvloed word as die veearts 200 keer per dag oor 'n 2 meter hoe heining moet klim en in 40°C in die direkte son werk met wilde ontvangers wat nie ordentlik beheer kan word nie.

Terselfdertyd gaan goeie fasiliteite ook die boer se werk makliker maak en tyd spaar as hy met die ontvangers moet werk gedurende die program, veral as insputings ens gegee moet word oor naweke met min personeel. Dit beperk ook die kans vir beserings aan die mense.

## 6) Watter soort sinkronisasie is die beste?

Daar is baie verskillende programme, elk met sy voor-en nadele.

Natuurlike hittede is baie goed, maar nie baie prakties nie. Indien daar egter toevallig diere, wat nie deel van die program was nie, op natuurlike hitte kom in dieselfde 3 dae tydperk wat u hitte-observasie op die ontvangers doen vir die die program, kan u haar dan nie KI/laat dek nie en op die dag van die oorplasings ook aanbied om ondersoek te word.

(noem dit net aan die veearts, sy moet natuurlik aan al die ander kriteria vir ontvangers ook voldoen)

Die gebruik van prostaglandiene alleenlik is maklik en as die ontvangers almal siklies is, is die persentasie diere wat reg is om embryo's te kry uit die totale groep wat hitte wys gewoonlik goed. Die diere wys egter hittede oor 'n lang tyd wat hitte-observasie moeilik maak en daar is gewoonlik diere wat buite die 3 dae vensterperiode op hitte kom wat dan nie geskik vir gebruik is nie. Diere wat nie aktiwiteit op die eierstokke het nie, gaan ook nie deur n prostaglandien-program gestimuleer word om wel aktief te raak nie.

Ons verkies om Cidr's of Crestar programme te gebruik, in kombinasie met ander hormone. Bespreek dit asb. met een van die veeartse by Embrio Plus. Die kantoor sal dan vir u 'n volledige program stuur met presiese instruksies en tydtablette wat maklik is om te volg

## 7) Hoeveel ontvangers moet ek voorberei

Hoe meer ontvangers u het om voor te berei, hoe beter. As die veearts wat oorplaas kan uitsoek en net die heel beste ontvangers hoef te gebruik, sal die dragtigheidspersentasie natuurlik beter wees as wanneer hy gedwing is om grensgeval ontvangers te benut.

As u bevrore embrio's gaan oorplaas, probeer om ten minste 2 keer meer ontvangers voor te berei as die aantal embrios wat oorgeplaas moet word.

Indien u gaan spoel vir die eerste keer, stel ons voor dat u 10 ontvangers voorberei per koei wat gespoel moet word. Indien daar meer embrio's gespoel word as wat daar ontvangers beskikbaar is, word die swakker embrio's gewoonlik oorgeplaas en die beter graad embrio's gevries om die maksimum aantal dragtigheide te verkry.

Indien daar egter nie genoeg embrio's is om al die ontvangers te gebruik nie, is dit 'n onnodige uitgawe, indien u nie bevrore embrio's het nie. (hierdie is veral 'n risiko as u slegs een of 2 koeie spoel, wat baie of min embrio's kan beteken)

Dit is altyd 'n goeie idee om 'n plan B te hê sou daar te min embrio's wees vir al die ontvangers. Miskien kan u 'n reëling tref met 'n ander teler om van sy bevrore embrio's beskikbaar te hê om dan oor te plaas in hierdie geval. Daar is ook heelwat embrio's in die mark, u kan met ons kantoor vooraf reël om die lys van beskikbare embrio's te kry en om dan van die beskikbare embrio's waarvan u hou saam te bring op die dag van oorplasing, sou u embrio's kort.

'n Ander plan is om die eerste keer te spoel en al die embrio's te vries (miskien net enkele ontvangers voor te berei vir die swak embrio's wat nie goed sal vries nie)

Wanneer u vir die 2de keer spoel, kan daar dan 'n groot groep ontvangers voorberei word, dan behoort ons 'n goeie idee te hê van hoe die koei spoel en ons weet hoeveel embrio's daar in die fles is om meer akkuraat uit te werk hoeveel ontvangers nodig sal wees.

## 8) Hoe belangrik is hitte-observasie gedurende die program?

**Hitte-observasie** is 'n baie belangrike deel van die program. As u met groot groepe ontvangers werk, deel hulle op in hanteerbare groepe van 40 of minder diere. Dit help om diere wat reeds geobserveer is met staande hitte, uit te haal en in 'n aparte kamp te plaas. Sodoende kry ondergeskikte diere ook kans om gery te word. Gebruik 'n betroubare persoon wat goed kan lees en skryf om die observasie oor die 3 dae te doen, ook in die nag as moontlik. Dit is belangrik om duidelik leesbare oorplaatjies in die ontvangers te hê.

Ons stel voor u gebruik hulpmiddels soos hitte-observasie plakkers (Kamar, Bulling Beacon, Estrus Alert) en koggelbulle so ver moontlik, maar hulle kan nooit goeie observasie tyd saam met die diere vervang nie.

Goeie rekordhouding van die tyd van eerste staande hitte is belangrik vir die veearts om te interpreteer wat hy palpeer op die eierstok voor die oorplasing. Dit is ook belangrik om die regte stadium en ouderdom embrio die beste te kan pas by elke ontvanger. Beter dragtigheide word verkry as embrios in 'n meer gevorderde stadium in ontvangers oorgeplaas word wat vroeg op hitte was en embrio's in 'n minder gevorderde stadium in ontvangers wat later op hitte was.

9) **Wanneer kan ek dragtigheidsondersoek doen op die ontvangers wat embryo's ontvang het?**

Wag asb 8 weke na die oorplasing voor die ontvangers ondersoek word. Sommige embryo's ontwikkel stadiger as gewone dragtigheide en kan verkeerdelik as nie-dragtig geklassifiseer word, selfs deur 'n ervare veearts, as die ondersoek te vroeg gedoen word. 'n Swakker embryo-dragtigheid wat op 'n kritiese vroeë stadium hanteer word, kan ook verloor word omdat die ondersoek te vroeg gedoen is.

Die gebruik van ultraklank is 'n ander opsie, maar met die relatief hoë aantal "normale" resorpsies tussen 28 en 56 dae is die nut daarvan debateerbaar

10) **Kan ek die ontvangers dadelik K.I. as hulle weer op hitte sou kom nadat hulle 'n embryo ontvang het?**

Dit gebeur redelik dikwels dat ontvangers wat embryo's ontvang het, weer 'n hitte wys, al is sy dragtig van die embryo. Dit word ook gesien in melkerye waar gewone K.I. gebruik word, waar koeie soms dragtig is van 'n vroeëre K.I., al het sy 3 weke na die 1ste K.I. weer hitte-tekens gewys.

Moenie ontvangers K.I. die eerste keer wat hulle op hitte gesien word na 'n embryo-oorplasing nie. Wanneer sy 'n 2de keer hitte wys, kan sy versigtig ge-K.I. word deur die K.I.-pistolet te beweeg tot hy net deur die serviks is en deponer die semen daar, moenie dieper ingaan nie vir die klein moontlikheid dat sy dragtig is. Om eerder 'n bul te laat dek is die veiligste.

Moet ook nooit ontvangers slag of verkoop voor hulle op 2 maande as nie-dragtig gesertifiseer is nie.